

## HOOP VIR 'N STUKKENDE LAND

Afganistan het op 19 Augustus 'n eeu van onafhanklikheid van Britse invloed gevier. Maar na 40 jaar van aanhoudende oorlog en onstabiliteit was min mense in 'n stemming om fees te vier. Daar is egter toenemende reaksie op SAT-7 programme wat praktiese hulp en 'n teen-kulturele boodskap van liefde en vergifnis bied.

Dieselfde droom het tweekeer, kort na mekaar, na hom gekom. Derhalwe het Behzad besef dit is belangrik. "Ek het gedroom 'n hand reik na my uit en die stem was warm en vriendelik: 'Kom na My, my kind'."

Behzad het verskeie geestelike leiers in sy tuisdorp in Afganistan gevra wat dit kan beteken, maar geen van hul antwoorde het hom oortuig nie. Toe ontdek hy 'n SAT-7 program. Die aanbieder het Jesus se woorde aangehaal: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en oorlaai is."

**"Dit het gemaak dat ek meer van die Christelike geloof wou weet," vertel Behzad. "Ek het julle nommer geskakel en 'n boodskap gelos. Ek wil my hart aan Jesus Christus gee en 'n kind van die Here word."**

Getuïenisse soos hierdie is merkwaardig in 'n land wat tweede op Geopende Deure se Wêreldwaarnemingslys 2019 van vervolgte Christene gelys word.

Kerke is verbode in Afganistan en persone wat van geloof verander, word vervolgt. Nietemin kom 'n groeiende getal Afgane na Christus. Sedert SAT-7 PARS vanaf Junie 2017 op die Yatsat satelliet uitsaai, het die aantal kykers uit Afganistan wat SAT-7 kontak, bykans verdubbel.


Mikael Tunér, 'n aanbieder van SAT-7 se media vennoot, *Media Mission*, is goed bekend met Afganistan. "Die mense in Afganistan is ontugter. Baie verlaat die land want hul voel daar is nie 'n toekoms vir hulle nie."

Te midde van onsekerheid, skreiende armoede en die nalatenskap van oorlog, soek die Afgane hoop. Daarom nie vreemd dat SAT-7 programme 'n groeiende en gretige kykersgehoor uit Afganistan trek nie.

- **Bid dat God sy kinders in Afganistan, wat dikwels geïsoleerd en blootgestel is, beskerm.**



# Gebeds † Nuus



September 2019

Vrou van Afganistan

MAAK  
HOOP  
SIGBAAR

SUID-AFRIKA KANTOOR  
Posbus 242  
Carnarvon NC 8925  
southafrica@sat7.org  
+27(83)628 6488/+27(84)506 3399  
Kontak asb kantoor vir bankbesonderhede

Kopiereg © 2018 SAT-7  
www.sat7sa.org  
www.sat7.org  
www.sat7uk.org

## 'N MOEDER SE GEBED VIR DIE JEUG VAN IRAN

Met rede het Katayun,\* 'n Christen gelowige, groot bekommernis oor haar dogter en die jeug van Iran.

"Ek is 'n moeder en ek is lief vir my land," skryf sy aan SAT-7 PARS. "Ek sien elke dag die verwoesting van ons jong seuns en dogters wat dieselfde ouderdom as my eie dogter is. Die kinders van hierdie land is soos my eie. Hulle pyn is my pyn, hulle vernietiging is die vernietiging van die bloeïslas van ons land. Ek kry swaar om die bloeïslas van ons jeug te sien weggwyn voordat dit die geleentheid gehad het om te ontluik. Hulle is vasgevang in verslawing."

Sy versoek almal om te bid "vir die verlossing van hierdie jongmense wat deur wolwe verslind word. Bid vir hulle wat niemand het om hul te beskerm nie. Ek pyn om te sien dat niemand ag slaan op die noodkrete van die hulpeloses nie."

Katayun vertel dat die jongmense 'n teenstand teen godsdiens, en alles wat geloof in God verpersoonlik, ontwikkel het. Hulle verwar vals en mislukte "godsdiens" met die ware Soewereine God. Katayun verduidelik: "Hulle sê, 'Jy vertel ons godsdienstige stories.' Ek vertel hulle van Christus en hulle antwoord: 'Ons het godsdiens gehad maar dit was nutteloos, en nou vertel jy ons van Jesus. Miskien kry jy reg om jouself te bedrieg, maar ons glo en vertrou niks en niemand nie.'

**"Bid asb onophoudelik. Ek wag op die genade van God en om die verlossing van my kind en die kinders van my land te beleef. Dag en nag huil en bid ek, maar ek het nie hoop verloor nie, want Jesus genees. Ek het geloof, maar ek kry swaar."**

Ten spyte van die groeiende getal Christene in Iran, is die voortgaande dwelmmisbruik 'n groot sosiale probleem, moontlik selfs te groot vir die Iranese Kerk om alleen te hanteer. SAT-7 erken hierdie probleme deur programme wat dwelmmisbruik aanspreek. Met dwelmproduksie wat hoog is in Afganistan (Nagenoeg 90% van die wêreld se heroïene word geproduseer van opium wat in Afganistan groei) en gepaardgaande dwelmhandel in buurlande soos Iran, is die hele Midde-Ooste vatbaar vir dwelmmisbruik. Maar God kan mense, vasgevang in hierdie diepgesetelde probleem, ontmoet en verlos.

\* Naam is om veiligheidredes verander



# ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers  
terwyl jy hul boodskappe lees:

## KYKER IN IRAK

“ISIS het ons kerk afgebrand. Mure het koeëlgate, en Jesus se prent is beskadig. Bid vir ons terwyl ons herbou en oorwinning oor die bose leef.”

## KYKER IN AFGANISTAN

“Ek het ’n man en kinders gehad, het gevas en godsdienstige boeke gelees, maar was eensaam. Nou, in Christus, het ek innerlike vrede.”  
*Bid vir hierdie nuwe bekeerling om te groei in geloof.*

## KYKER IN IRAN

“Ek was lid van ’n ekstremiste groep in Afganistan ... my ouers sou my doodmaak as hul my vind. Bid vir ’n oop deur om lig te bring na my familie.”

## KYKER IN TURKYE

“Ek kyk in die geheim, sonder die wete van my man en seun, na julle program. Ek besef daar is baie wat ek nie van Jesus weet nie, en ek sien geen skade daarin om meer te leer nie. Bid vir my dat ek baie meer sal leer.”

## “EK SAL JULLE VISSERS VAN MENSE MAAK”

Met hierdie woorde het Jesus vir Simon en Andreas geroep om Hom te volg. Roep God vir Kerem, van Turkye, vandag op ’n soortgelyke wyse? Na ’n gesprek met ’n priester en herhaalde drome, soek Kerem na antwoorde.

Ten spyte daarvan dat hy nie ’n Christen is nie, kon Kerem homself nie weerhou om, tydens ’n besoek aan Efese, in ’n kerk te bid nie. Na sy gebede het hy buite by sy vriende gaan sit.

“Daar het ’n groep priesters naby ons gesit en ons het begin gesels,” verduidelik Kerem. Na ’n ruk het een van die priesters Kerem persoonlik aangespreek: “Hy het my vertel dat daar iets anders omtrent my is en daar ’n dag sal kom wat ek saam met hulle sal wees en een van hul broers sal word.”

Verbaas, en skielik in die kalklig tussen sy vriende, het Kerem die opmerking afgelag. “Waarom op dees aarde sal ek Christus wil volg?” het hy gedink. Tyd het verby gegaan, maar Kerem kon nie die gebeure in Efese vergeet nie. Kort daarna het hy ’n droom gehad.

“In my droom het Jesus Christus my ’n visstok gegee. Hy het my gevra om die meer waar ek was te verlaat en saam met Hom by ’n ander meer te gaan visvang. Dus het ek na die ander meer gegaan en saam met Jesus begin visvang,” verduidelik Kerem. “Ek het ’n vis gevang en binne die vis was vier muntstukke.”

Op grond van hierdie droom en sy ontmoeting met die priester, het Kerem na antwoorde begin soek. Met sy ontdekking van SAT-7 TÜRK het hy na die programme begin kyk en aan die kanaal geskryf met die vrae wat in sy hart brand.

“Wat beteken al hierdie drome? Waarom gebeur hierdie dinge met my? Bid asb vir my.”

- Bid asb vir Kerem, en ander soos hy in Turkye, wat hoor God roep hulle. Bid dat hulle soos Simon en Andreas sal reageer wanneer hul Jesus hoor roep: “Volg My, en Ek sal julle vissers van mense maak”. (Matt 4:19)



# ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers  
terwyl jy hul boodskappe lees:

## KYKER IN SAOEDIE-ARABIË

“Help my om ’n Christen meisie te ontmoet met wie ek kan trou. Ek weet nie waar en hoe om iemand te ontmoet in my land nie.”

## KYKER IN MAROKKO

“My skoolopleiding het geëindig toe ek ’n kind was, want ek is ’n meisie op ’n klein dorpie. Dank God vir julle programme wat my opleiding en hoop gee.”

## KYKER IN TURKYE

“Ek is ’n gelowige, maar ek is nie gedoop nie. Hier is nie ’n kerk nie. Ek kan nie elders gaan nie, want die mense om my is so ver verwyder van Christenskap. Bid vir my.”

## KYKER IN TURKYE

“Vyf Christen vriende is in die tronk op grond van ernstige vals aanklagtes. Bid dat hierdie jong manne God se krag en bemoediging ervaar. Pleit ook dat daar in hul vrouens en kinders se behoeftes voorsien word.”